

## **Van die lessenaar**

### **Onderzoek na die moraliteit van billike handel, navorsing onder die loep en strategiese sake**

Liewe Leser

Die laer olieprys is 'n onverwagse bonus vir alle Suid-Afrikaners en sal hopelik 'n positiewe uitwerking op besteebare inkomste en verbruikersaanvraag hê. Tog moet ons effe versigtig wees omdat die daling in die olieprys gedeeltelik veroorsaak is deur 'n afwaartse neiging indie ekonomie in China en Europa. Dit kan die vraag na uitvoere van ons roumateriaal beperk. Geniet dit terwyl julle kan.

#### ***SAPV strategie***

Die SAPV se strategiese veranderingsproses het oor die vakansietyd stil gestaan. Dit was gedeeltelik oor die onsekerheid van waar die eierboere gaan inpas. Die antwoord blyk 'n kleiner eierorganisaie met 'n kleiner begroting te wees en ook die herstrukturering van die SAPV sodat ons meer, spesifieke aandag, aan die hele eierorganisasie kan gee. Ons hoop dat die komitee in die volgende paar maande genoeg aandag daaraan kan spandeer sodat ons dié proses kan afhandel. Dit beteken ook dat ons gesprek oor heffings as 'n billike manier van befondsing sal moet wag totdat daar meer eensgesindheid onder die verskeie lede is.

Uitgawes vir 2015 sal so lank as moontlik uitgestel word terwyl ons hergroepeer. Dit help nie om alles nou te stop nie. Alle lede sal moet sê hoe hulle voel as ons daarin wil slaag om 'n diens te lewer en kostes te verminder.

#### ***Handel***

Daar was geen vakansierus vir huidige handelsake nie. Soos verwag het die voorlopige maatreëls teen die Europese Unie verval. 'n Finale aanbeveling deur die Internasionale Handelsadministrasie-kommissie (Itac) sal in Februarie aan die minister van Handel en Nywerheid voorgelê word. Itac hou steeds vol dat die Europeërs stort en dat ons dus binne ons reg optree om 'n teenstortingsaansoek te bring. 'n Mens verwag weer 'n tirade van halwe waarhede, verdraaiings en miskommunikasies van die invoerders en hul ondersteuners. Die invoerders is in werklikheid nou besig met 'n hofspraak om die minister van Handel en Nywerheid daarvan te weerhou om teenstortingtariewe te bemagtig. Ons is een van die verweerders en gaan die minster heel duidelik in die saak verdedig. Tot tyd en wyl die aansoek die hof bereik kan ons nie enige besonderhede bekend maak nie, buiten dat ons die minister daadwerklik gaan ondersteun.

Die finale invoersyfers vir Desember was nog nie beskikbaar toe ek die brief geskryf het nie. Volgens die November syfers as gids, blyk dit dat totale invoere vir 2014 effens meer is as dié vir 2013 en effens laer as in 2012 (die hoogste syfer ooit). Dit beteken dat ons nog 'n lang pad moet stap om die feit dat Suid-Afrika as stortingsgrond vir ander lande se ongewenste produkte in hul eie lande gebruik word - dikwels teen baie lae pryse - aan te spreek. Ek dink ons handelsgeskille gaan nog vir 'n geruime tyd voortduur. Dit blyk dat die EU 'n goeie bestemming vir hulle produkte in ons gevind het. Byna al die hoender aan-die-been-porsies kom van die EU af. As ons hulle nie aanspreek nie, het ons min hoop op 'n meer regverdige handelsomgewing. As 'n reël beteken 10 000 ton invoere 1 000 direkte en indirekte verlore werksgeleenthede in Suid-Afrika.

Die uitbreek van die hoogs aansteeklike voëlgriep duur voort in Engeland, Nederland en Duitsland en ook in die VSA en Kanada, met Engeland moontlik die naaste aan 'n eindpunt. Dit beteken dat invoer van hierdie lande nog steeds vir gesondheidsredes verbied is en die verlies van die voorlopige maatreëls nie 'n ramp is nie. Die Departement Landbou, Bosbou en Visserye (DAFF) moet dié lande nie anders behandel as wat hulle ons behandel het met die uitbreek in die volstuismark nie en ons moet hulle ondersteun. Ons besef dit veroorsaak probleme met die invoer van teëlmateriaal. Die

enigste weg rondom dit is om afdelings te stig wat deur die veeartsenykundige owerhede van die verskeie lande en deur DAFF erken word. Dit is deur een afdeling gedoen wat in Engeland gebaseer is. Dit kan ook vir vleis gedoen word. Die mislukking van die uitvoerlande om die riglyne wat deur die Internasionale Organisasie vir Diergesondheid vasgestel is om handel in tye van uitbrake te ondersteun, is die hoofrede vir die beperking op vleisinvoere. Hulle probleem is as gevolg van 'n gebrek aan voorsorg en beplanning. Ons moet nie hier wankel nie. Regverdigheid en gelyke behandeling moet seëvier.

Ek dink baie van julle volg die bewerings wat deur Amerika gemaak word dat ons hoender teenstortingstariewe die hernuwing van Amerika se Wet oor Groeigeleentheid in Afrika bedreig. Snaaks dat die Amerikaners nooit in 14 jaar daaraan gedink het om ons posisie aan die Wêreld Handelsorganisaie (WHO) voor te lê nie. Die WHO is die gepaste forum om te bepaal watter optrede toelaatbaar is. Die Amerikaners lyk bang om hul beleid onder die soeklig te hê. Hulle sê ook die WHO het téén China in 'n soortgelyke saak beslis. Alles pure kaf. Die WHO het die feit dat hulle paneel nie die meriete van ons kostemodel bespreek het nie, en slegs op 'n mislukking in die prosedure deur die Chinese owerhede gefokus het, betreur. Die Chinese het gefaal om 'n uitvoerige saak vir die gebruik van die saamgestelde kostemodel voor te lê. Daar was ook 'n paar ander prosesmislukkinge wat die Chinese reggestel het. Die teenstortingstariewe teen Amerika is steeds van krag.

Uiteindelik moet hierdie aksies die moraliteit van handel in die gesig staar. Kan dit ooit vry wees as dit nie regverdig is nie? Vir die van julle wat oud genoeg is om die blom kind-generasie te onthou en die vrugte van 'vrye liefde' geniet het (en dikwels ook die gevolge) – sou 'vrye liefde' so genoem wees as beide partye nie ewe gewillig was om deel te neem nie? Ons kan nie die eetgewoontes van die hele ontwikkelde wêreld verander nie en ons het ook nie die reg om dit te doen nie. Maar moet dit moontlik wees dat 13% van die wêreldbevolking hulle eetgewoontes afdruk op die oorblywende 87%? Hopelik sal ingeligte denkers nee sê.

Ek glo handelsoortredings is ongelukkig nie kriminele optrede nie, anders sou daar 'n goeie kans wees dat politieke leiers van die ontwikkelde wêreld hulle leierskap vanuit 'n tronksel sou moes beoefen. Finansiële misdadigers word op dié manier behandel. Jammer ons kan nie handelsmisdadigers hê nie.

Elke keer wat jy iets invoer wat plaaslik vervaardig kan word, belemmer jy aansporing om die produk hier te vervaardig. Die braaikuikenbedryf oorleef nog, want dit is nogal groot en is in staat om homself te verdedig. Nuwe industrieë het nie dié luukse nie. Grootte is ook geen waarborg nie – kyk maar na die tekstiel- en klerebedryf. Dieselfde in die motorbedryf. Die laaste motorvervaardigingsaanleg in Australië is besig om toe te maak omdat hulle regering nie wou aanhou om plaaslike produksie te subsidieer soos ons nie. Baie nywerhede is gedoem sonder regeringsondersteuning. Mèt dit kan ons vooruitgaan, ons mededingendheid verbeter en werk skep. Kos is 'n plaaslike ding vir meeste mense waar ookal in die wêreld. Dit is identiteit, sekuriteit en die basis van die lewe. Gelukkig is ons regering hiervan bewus en probeer om ons teen die rowersoptrede van die ontwikkelde wêreld te beskerm. Die stryd duur voort.

Ons uitvoer-aandrywing vir eiers en vleis duur voort. DAFF het 'n persoon toegewy om markte te help oopmaak en die dti en die Departement van Internasionale Verhoudinge en Samewerking werk ook hard hieraan. Charlotte Nkuna vorder ook met fitosanitêre werk om te help verseker dat ons aan die vereistes van die invoerlande voldoen.

### **Navorsingsake**

Die komitee wat die Pluimvee Gesondheid en Produksie-leerstoel monitor, wat deur die SAPV befonds word, het verlede maand vergader. Professor Abolnik sal oor haar eie werk verslag lewer, maar ek wil graag haar sukses met die identifisering van 'n nuwe stam van Mycoplasma uitlig. Daar is voorheen gedink dit bestaan nie. Dit kan 'n merkbare impak op ons beheer-strategieë hê. Sy het ook goeie werk gedoen om die IB-veldstamme te tipeer om te help verseker dat die nuwe entstowwe nog steeds doeltreffend is. Miskien vind 'n paar lesers die moderne laboratoriums met hulle flitsende liggies en proefbuise bokant hul vuurmaakplek. Ons is gelukkig om 'n persoon van haar kaliber te hê

wat namens ons, saam met haar span van ongeveer agt student, navorsing doen. Ons het die Departement van Wetenskap en Tegnologie genader vir hulp-befondsing omdat ons graag die werk in die medium- en langtermyn will voortsit. Die reaksie was baie positief. Hoe meer goed-gekwalifiseerde pluimvee wetenskaplikes ons kan oplewer, hoe beter behoort die algemene gesondheid van ons bedryf te wees.

DAFF het ook hul deel van die befondsing vir die nuwe leerstoel in riskobestuur goedgekeur. Ons is deel van die span wat oor die aanstelling van die persoon sal adviseer. Julle mag dalk vra wat dit met julle te doen het? Die antwoord is eenvoudig: daar is baie min vaardigheid op dié gebied in Suid-Afrika. Indien die dierebedryf meer effektiewe uitvoerders en betroubare verskaffers van veilige voedsel wil wees, is dit noodsaaklik om risiko op besigheidsvlak op 'n gestuktureerde manier te verstaan. Die nuwe leerstoel sal help met dié reis.

### ***Braaikuiken- en eiersake***

Ek dink die meeste eierprodusente erken dat regulasies rondom terme soos graan-gevoed, omega 3-verryk, ens. 'n bietjie beperkend en redelik vaag is. DAFF stem saam met ons hieroor en ons werk al 'n geruime tyde saam met hulle om beter definisies daar te stel. Hulle blyk terughoudend te wees met al die veranderinge wat ons wil hê en ons verstaan die redes nog nie heeltemal nie. Dit bied 'n geleentheid om tussen die gebruiklike hokproduksie en verrykte hokproduksie te onderskei. Indien 'n produsent dan verrykte hokproduksie wil toepas, kan hulle dit as sodanig bemark en selfs 'n nuwe nismark skep. Ons gaan probeer om binnekort met DAFF hieroor te gesels om die vermeende probleme te verstaan en te kyk na moontlike oplossings. Ons gaan in Februarie met senior amptenare van DAFF vergader om die pekelwatersaak te probeer aanhelp. Dit help niemand as dit voortsloer nie. Dit help ook nie om regulasies in te stel wat teen die armes werk nie. Ons glo 'n ordentlike oplossing is in die vooruitsig. Die navorsing oor verbruikerhoudings behoort al aan die gang te wees teen die tyd dat julle die brief lees en ek hoop dit gee ons nuwe insigte oor die behoeftes en begeertes van die verbruikers.

### ***Transformasie***

Die veel besproke Transformasie-komitee moet nog met hulle werk begin. Daar is goeie redes hoekom hulle werk vertraag is, maar die dringendheid om te transformeer bly. Ons het 'n groot deurbraak met die Gautengse regering gemaak. Hulle het 'n vennootskap met ons aangegaan om 'n lewensvatbare ontwikkelingsprojek binne Gauteng te vestig. Dit is nie net lippetaal nie, want hulle het reeds vir ons 'n hele paar miljoen rand gegee om die projek aan die gang te kry. Die hoof verandering is dat die regering bereid is om vóóraf saam met ons te werk en nie net na ons toe kom vir ondersteuning nadat al die strukture reeds daargestel is nie. Ons het twee primêre beperkings in al ons transformasie-werk: die ekonomiese klimaat leen homself nie tot groot vervaardigingsgroei (vir almal) nie en die bedryf kan net mededingend wees as hulle grootskaals vervaardig. Ons moet spesifieke markte vind waar ontwikkelingsprojekte suksesvol kan wees. Transformasie in die huidige eier- en braaikuikennywerhede sal ons slegs 'n paar honderd transformasie-geleenthede bied. Om spesifieke markte vir nuwe kleiner toetreders te skep sal ons moontlik 'n paar duisend geleenthede bied. Dit is waarskynlik nie genoeg nie, omdat die kleiner boere ruimte nodig het om te groei sodat hulle hul persoonlike ambisies met verloop van tyd en baie harde werk kan bereik.

### ***Algemeen***

Ons is nog besig om die program vir Avi Africa af te rond. 'n Konsepweergawe sal in Februarie op ons webwerf geplaas word. Die uitstalruimte is al byne heeltemal uitverkoop en ons dink ons het 'n paar goeie sprekers gekry. Ons besluit nog daaroor of ons 'n gasmaal moet hou of nie. Laat ons asseblief so gou moontlik weet indien julle enige standpunt hieroor het. Ons hoop om julle daar te sien. Dit is van 23 tot 25 Junie by Emperors Palace.

Ons nuwe webwerf is op die lug. Kyk asseblief daarna en gee ons julle terugvoer sodat ons kan aanhou om ons diens aan julle te verbeter. Die intranet gedeelte is beperk tot lede. Dit sal meer inligting hê wat ons hoop dit vir julle die moeite werd sal maak om te besoek.

Groete tot volgende maand  
Kevin Lovell  
Hoof Uitvoerende Beampte